Swakker wisselkoers dra by tot hoër insetkostes vir nuwe aanplantings

Louise Swart, Aartappels Suid-Afrika

Van Suid-Afrika se aartappelproduksiestreke is tans besig met hul someraanplantings. Met huidige markpryse op laer vlakke as vorige seisoene moet insetkoste stygings fyn bekyk word. Die gemiddelde prys wat 'n produsent in 2015 tot dusver ontvang het vir 'n 10 kg sakkie aartappels is bykans R7.00 minder as in 2014. Insette se prysveranderings gedurende hierdie tydperk toon die teenoorgestelde tendens. Die Maart/April 2015 uitgawe van CHIPS het reeds insetkoste-tendense en die pryskoste-knyptang vir 2015 aanplantings omvattend aangespreek.

Een van die vernaamste faktore wat kostedruk veroorsaak, soos genoem in CHIPS Maart/April 2015, is die wisselkoers. Na raming voer Suid-Afrika 75% van sy bemesting en 100% van hul chemie verbruik vanuit die buiteland in (Graan SA, 2015). Die prys van hierdie insette word dus grootliks beïnvloed deur die wisselkoers.

Gedurende die tweede week van September 2015 het die wisselkoers 'n laagte punt van R13.94 teenoor die USD bereik. Die gemiddelde jaarlikse wisselkoers het van 2014 tot 2015 met 13% verswak van R10.70/USD tot R12.11/USD. (Na die skryf van hierdie artikel het die wisselkoers verder verswak). Figuur 1 dui die wisselkoers aan vanaf Augustus 2013 tot September 2015. Onsekerheid oor wanneer die VSA se Federale Bank rentekoerse gaan verhoog maak dit moeilik om te bepaal wat die wisselkoers die laaste kwartaal van 2015 gaan doen.

Plaaslike kunsmispryse van KAN/LAN (28), Ureum (46), MAP en Kaliumchloried het onderskeidelik met 10%, 8%, 22% en 9% gestyg vanaf Augustus 2014 tot Augustus 2015, sien Figuur 2. Internasionale kunsmispryse, spesifiek die prys van Ammoniak (Midde-Ooste), Ureum (46) (Oos-Europa) en Kaliumchloried het onderskeidelik afgeneem

Figuur 1: Die Rand/US Dollar wisselkoers vanaf Augustus 2013

met 13%, 15% en 2% vanaf Augustus 2014 tot Augustus 2015, gemeet in USD terme. Die prys van DAP (VSA Golf) het met 6% gestyg in dieselfde tydperk. Figuur 3 dui internasionale kunsmispryse aan.

Brandstof pryse word ook deur die wisselkoers beïnvloed. Die groothandelprys van diesel het jaar op jaar met 15% afgeneem, van R12.84/liter in Augustus 2014 tot R10.94/liter in Augustus 2015. Ru-oliepryse het meer as halveer oor dieselfde tydperk van $101 tot $46.99, 'n afname van 54%. Figuur 4 dui die Internasionale ru-olieprys en die binnelandse dieselprys aan. Vooruitsigte van sanksies teen Iran wat gelig gaan word en hul olie-uitvoere wat weer gaan toeneem asook die laer wêreldwye ekonomies groei,



Figuur 2: Plaaslike kunsmispryse sedert Augustus 2013 (Bron Graan SA)



Figuur 3: Internasionale kunsmispryse sedert Augustus 2013 (Bron Graan SA)

dra huidig by tot die laer ru-olieprys (SARB, 2015).

Die styging van insetkoste vir hierdie seisoen tesame met die laer pryse wat produsente al 'n geruime tyd ontvang, plaas ekstra druk op produsente om gewone produksiepraktyke te hersien en insetkostes fyn te bestuur.

Oor die onderwerp van insetkoste-bestuur is dit belangrik dat produsente kennis dra van die boekhoudingsvereistes wat SAID vereis in terme van die dieselkorting. Die minimum vereistes waaraan boekhouding tans moet voldoen is die volgende: Vanaf die hoofverspreidingspunte moet die datum waarop die diesel ingegooi is, die hoeveelheid diesel, die beskrywing van die voertuig en die rede waarvoor diesel aangewend was, in die logboek aangeteken word (Graan SA, 2015).



Figuur 3: Internasionale ru-olieprys asook binnelandse dieselprys